

3 Augustus

Skrifgedeelte: Daniël 7:9-14, 24-28 (OAV)

Fokusgedeelte: Daniël 7:27

Die Seun van die mens (1)

Die HERE het die banneling Daniël die toekoms gewys. Dit was nie net troos vir Israel nie, maar vir ons ook. Wanneer dinge nou vir ons swaar voel, leer Hy ons om vorentoe te kyk.

In hoofstuk 2 word die opeenvolgende ryke op aarde aan Nebukadnesar geopenbaar in die beeld, wat bestaan uit 'n kop van goud, dan met al mindere metale tot by die voete van yster en klei. In hoofstuk 7 verdiep daardie profesie, en daardie koninkryke word in hulle volle dierlike woestheid gewys.

Die gelowiges sal baie maal groot benoudheid beleef. Die mense by Babel (Gen. 11) se strewe om soos God te wees, sal vererger, totdat die antichris voorgee dat hy God is (2 Tess. 2:4). Satan se verleiding voor die sondeval was mos: "... sodat julle soos God sal wees" (Gen. 3:5).

In die gelese gedeeltes word God se voltooide Raadsplan geteken. In Daniël 2:34-35 hoor ons al van die klip wat sal losraak en die wêreldryke sal verpletter. Dit is Christus, "die Seun van 'n mens", van Daniël 7:13. Die klip sal groei en die wêreld vul. Die getal van God se kinders sal toeneem, Christus kom weer en sy Ryk sal die enigste wees, en ewig! Hy is die Seun van die mens. In Johannes 5:25-26 sê Hy dat alle mag en heerskappy aan Hom gegee is. Die oordeel oor sy vyande sal ook nie uitbly nie.

Troos is hier vir ons dus ook! Versterking, terwyl alles vererger. Ons het nie maar net 'n vae hoop nie, dit is 'n *vaste verwagting* van die dinge wat kom. Die beeld van God is in sy kinders vernuut – ook ons koningskap, wat ewig sal wees. Stry daarom nou koninklik teen die duiwel, die goddelose wêreld en die sonde wat ons omring.

Sing: Psalm 2:1-3 (Totius)

Ds. HT de Villiers (Emeritus)